Rauch het Kaap ná jare steeds in haar palm

MARITA TEALE

KABAREET: *Laurika sing innie Kaap*. Met Laurika Rauch, Leon Ecroignard, Clinton Waring en Wouter van de Venter. In die Kunstekaap-opera. Tot môre.

DIT is Laurika Rauch se eerste groot Kaapse optrede ná 21 jaar. Die honderdes wat kaartjies kon kry vir haar drie aande vandeesweek in die Kunstekaap-opera, kan hulle gelukkig ag.

Met haar eerste treë op die verhoog het sy reeds die gehoor in die palm van haar hand. Sy en haar orkes begin met "Jy is te dierbaar" en "Victoriabaai".

Die musikante Wouter van de Venter op klassieke kitaar, Leon Ecroignard op perkussie en baskitaar en Clinton Waring op klavier en klawerbord gee ou en nuwe treffers 'n vars aanslag, met klanke wat selfs Sting se tone sou laat krul.

Van de Venter en Ecroignard is lede van van die groep Stok, terwyl Waring eersdaags sy eerste CD sal bekendstel. Hulle werk die afgelope drie jaar saam met Rauch.

Haar eerste trefferliedjie, "Kinders van die wind", wat in die laat sewentigerjare vyf weke bo-aan Radio 5 se treffersparade was, is ná nagenoeg 25 jaar steeds gewild.

Dekades ná dié treffer het sy steeds 'n besonderse manier om die gehoor te bekoor met die karakters wat sy skilder. Die Kaapse gehoor gaan kuier by mense soos Krisjan Swart, wat met sy duiwe pryse wen en wie se vrou *curlers* en pantoffels dra en so lekker vry. "Krisjan Swart" is deur David Kramer geskep.

Die traanpink-oomblikke was vir dié skrywer beslis Rauch se nederige en warm vertolking van "Huisie by die see" en "Stuur groete aan Mannetjies Roux". Laasgenoemde, asook "Op Blouberg se strand" en "Die mense op die bus" is deur haar man, Christopher Torr, geskryf.

Rauch sing ook liedjies van haar jongste CD, *Vier seisoene kind*, soos "Turn on the light" van André Swiegers, "Ek sê vir jou good bye" van Meryl van Noie en die titelsnit, "Vier seisoene kind", van Gian Hanekom.

Die pas is vinnig, en wanneer 'n mens jou oë uitvee, staan jy saam met die gehoor en klap hande voordat jy huis toe ry met 'n kop vol liedjies soos "Lisa se klavier" en "Ou tante Koba".